MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

POLICY 029/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: **ONDERHOUDE BY WERKSESSIE VAN DIE RAAD**

REFERENCE/VERWYSING: **3.1.3.3.2.18**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **13.32/04/2017** DATE/DATUM: **25 April 2017**

BELEIDSOOGMERK: Om die publiek en organisasies die geleentheid te gun om sake aan die Werksessie van die Raad voor te dra of om nuwe en bestaande besighede aan die Raad bekend te stel.

RIGLYNE

1. Dit word as beleid bepaal dat slegs instansies wat bewys kan lewer dat hulle namens 'n substansiële gedeelte van die gemeenskap praat en hul konstitusies aan die Raad kan voorlê, toegelaat sal word om met die Werksessie van die Raad oor gemeenskapsklagtes/-versoeke in gesprek te tree.

2. Die bepalings van paragraaf 1, sal nie die regte van individue en spesifieke belangegroepe, (byvoorbeeld sakemanne) om die Werksessie van die Raad te spreek benadeel nie.

PROSEDURE

1. Versoeke om Werksessie van die Raad te spreek, sal met goedkeuring van die Speaker geskied.

2. Versoeke om die Werksessie van die Raad te spreek, moet skriftelik met volledige vermelding van redes wees.

3. Daar sal onderskeid getref word tussen 'n versoek tot 'n gesprek of 'n versoek tot onderhoud.

4. In geval van versoeke tot 'n gesprek, moet die aangeleentheid deur die kantoor van die Burgemeester, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, geallokeer word.

ROLLE

1. Die Hoof Administratiewe Beampte (Komitees) plaas, in oorleg met die Speaker, ‘n versoek tot ‘n onderhoud op die sakelys.

2. Die Speaker of die Munisipale Bestuurder, in oorleg met die Speaker, keur die aansoeke vir onderhoud met die Werksessie van die Raad goed.

VERWANTE BELEID

Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.